Uitnodiging Om As Aanbieder Op Te Tree

19 Maart 2019

Die Verenigde Herzlia Skole het die inisiatief geneem om die eerste Afrikaans EAT-Simposium aan te bied. Ons is baie opgewonde oor hierdie inisiatief, aangesien dit die eerste keer is dat 'n simposium van hierdie aard in die Wes-Kaap aangebied word.

Die Afrikaans EAT 2019-Simposium het ten doel om Afrikaans EAT onderwysers bymekaar te bring en ‘n geleentheid te skep om idees uit te ruil en praktykwenke met mekaar te deel. Hierdie geleentheid beloof om Afrikaans EAT-onderwysers te inspireer en met nuwe oë na Afrikaans EAT te laat kyk.

Aangesien daar baie talent skuil onder ons onderwysers, wil ons u vriendelik uitnooi om aansoek te doen om by die Afrikaans Eerste Addisionele Taal (EAT) Simposium aan te bied.

Alle aansoeke om aan te bied moet teen 30 November 2018 ingedien word. Verdere inligting volg op bladsy twee van hierdie dokument. Gebruik asseblief die volgende skakel om u aansoek in te dien:

Skakel Na Die Aansoekvorm (Klik Hier)

Alternatiewelik kan u die skakel in u webblaier plak: https://bit.ly/2q8fwgV

Vriendelike groete

Michael Vorster
Koördineerder
mwvorster@herzlia.com

Mark Helfrich
Koördineerder
mhelfrich@herzlia.com

RIGLYNE VIR DIE INDIENING VAN AANSOEKE

Alle aansoeke moet deur die webtuiste ingedien word. Volg die skakel op die vorige bladsy om u aansoek deur middel van die *Google Form* op die webtuiste in te vul.

Maak asseblief seker dat alle inligting, asook kontakbesonderhede, akkuraat op die vorm ingevul word.

U kan een tot vier aansoeke indien. Daar sal ‘n maksimum van vier sessies op die dag van die simposium wees.

U aansoek om aan te bied verteenwoordig ‘n ooreenkoms om te registreer vir die simposium, om die simposium by te woon en om by die simposium aan te bied (of om iemand in u plek te vind indien u nie meer kan aanbied nie.) Aanbieders moet asseblief self vervoerreëlings tref na Herzlia, waar die symposium aangebied word.

Name van aanbieders en die betrokke sessies sal op die Afrikaans EAT Simposium webtuiste verskyn soos dit **oorspronklik ingedien is**.

Elke sessie sal 45 minute duur. Dui op u aansoek aan hoe interaktief u sessie gaan wees. Die gebruik van multimedia tydens u sessie word aangemoedig.

Aansoekers sal teen 14 Desember 2018 in kennis gestel word of hulle aansoek om aan te bied by die Afrikaans EAT Simposium suksesvol was, al dan nie.

Afrikaans EAT’19 | EERSTE ADDISIONALE TAAL SIMPOSIUM KAAPSTAD 2019 | HERZLIA